# Tweede Kwartaal Week 7, 8 en 9

# Tema 3: Troeteldiere en plaasdiere

## Voorbereiding

Lees:

- Gen. 1: 24 - 28; 2: 15, 19, 20
- Joh. 1: 1 - 3; 1: 17 - 2: 10; 6: 1 - 14; 21: 1 - 14
- Spreuke 6: 6
- Psalm 8; 148: 6; 103: 5
- 1 Samuel 17: 34 - 36
- Mattheus 7: 15; 4: 19; 14: 13 - 21; 13: 47 - 50
- Lukas 19: 30 - 35; 9: 10 - 17; 24: 41 - 42
- Markus 6: 30 - 44

## Doelstellings en inhoud

1. God skep, regeer en onderhou die aarde. Die mens moet gesag uitoefen oor mense, diere, plante en die omgewing. Jy moet gehoorsaam wees aan God se kultuuropdrag. God het deur sy woord, net deur te spreek, geskep en verder ook orde en verskeidenheid in die skepping gebring.
2. Ons moet leer om diere te klassifiseer in byvoorbeeld troeteldiere, wilde diere en plaasdiere.
3. Daarom moet jy weet watter soort versorging nodig is vir elke dier.
4. Daar is orde en struktuur in die skepping,en ook ryke verskeidenheid.
5. God het alles funksioneel geskep, sodat elke dier in sy omgewing kan oorleef.
6. In die begin was alle diersoorte nie daar nie. Verskillende dieresoorte het deur teling ontstaan. Die mens moet die moontlikhede in die skepping tot God se eer aanwend.
7. Die mens, die kroon van die skepping, het insig en verstommende vermoëns, en diere net beperkte vermoëns en instinkte,daarom moet diere versorg word
8. Diere is spesiaal en het versorging nodig. Elke dier het 'n besondere doel en funksie.
9. Alles op aarde behoort aan die Here - ook diere. Daarom moet jy dit oppas
10. Plaasdiere is op hul eie unieke manier mooi en het 'n besondere doel en funksie.
11. Wilde diere is geensins afhanklik van die mens vir hul voortbestaan nie. Hulle is geskape om by hul omgewing aan te pas en in die natuur te kan oorleef en voortbestaan.
12. God het insekte op die sesde dag geskape. Selfs die kleinste goggatjie (die mier) is deur God geskape, en word onderhou en bewaar. Spreuke 6: 6 hou vir ons 'n lewensles in: "Gaan na die mier, luiaard, kyk na sy weë en word wys. God het visse op die vyfde dag geskape. God het visse so uniek geskape dat hulle onder water kan leef. Ons kan ons verwonder aan al die soorte visse en het 'n verantwoordelikheid om ook oor hulle te heers en hulle te bewaar.

| Notas: | Asesseringsmerkers en wenke vir informele en formele assessering | Leermateriaal en hulpbronne | Internetverwysings of aanvullende materiaal |
|---|---|---|---|
| | | | |

# 3. Troeteldiere en plaasdiere Week 7

## Dag 1

### Aktiwiteit 1: Persoonlike en sosiale ontwikkeling (30 minute)

**Inhoud: God skep die diere**

- God is die Skepper, Regeerder en Onderhouer van alles.
- Die mens kan slegs op grond van God se opdrag gesag uitoefen oor alles wat die Here geskep het.
- God het ook die diere geskape en ons beveel om sy skepping op te pas.
- Om dit te kan doen, klassifiseer ons die diere, byvoorbeeld: troeteldiere, plaasdiere en wilde diere.
- Elke diersoort verskil. Elke dier is geskep om in sy omgewing te oorleef.

**Troeteldiere**

- ’n Troeteldier word vir ’n mens se plesier aangehou. Dit is diere wat tuis aangehou word en mak is. Voorbeelde is honde, katte, muise, visse, marmotte, hase, voëls, rotte, ensovoorts.
- Eienskappe van troeteldiere:

  Hulle soek nie hul eie kos en water nie.
  Jy kan met hulle speel.
  Hulle bly binne en buite die huis.
  Moet van slaapplek voorsien word.
  Moet met liefde en aandag versorg word.
  Troeteldiere is ’n mens se vriend.


- Leerlinge bring prente van troeteldiere vir die uitstaltafel en die onderwyser sit ’n naamkaart by elke prent.
- Stal boeke uit wat oor troeteldiere handel en ook speelgoedtroeteldiere.

### Aktiwiteit 2: Uitvoerende kuns: Musiek (15 minute)

**Sang**

Leer die liedjie: **“Wagter my hond”**

"Wagter my hond": Anna Rudolph



## Aktiwiteit 3: Liggaamlike opvoeding

30 minute

**Ritme en beweging**

- Slaan op 'n trom of kastanjer.
- Leerlinge luister en doen die volgende aksies:
    - Slaan drie keer - spring drie treë vorentoe.
    - Slaan twee keer - spring twee treë agteruit.
    - Slaan een keer - spring een tree sywaarts en terug.
    - Spring op en af op jou regterbeen.
    - Swaai jou linkerarm heen en weer terwyl trom speel.
    - Laat leerlinge in 'n ry staan  en vorentoe kyk.
    - Raak aan jou maat se regterskouer.
    - Steek jou hande in die lug.
    - Raak jou tone.
    - Herhaal opdragte.

## Diere is spesiaal.

- God is die Skepper, Regeerder en Onderhouer van alles.
- God se opdrag is dat die mens oor die skepping moet heers en dit versorg.
- God het ook die diere geskape en ons beveel om sy skepping op te pas.
- Om dit te kan doen, **klassifiseer** ons die diere, byvoorbeeld: troeteldiere, plaasdiere en wilde diere.
- Elke dieresoort verskil. Elke dier is geskep om in sy omgewing te oorleef.

### Troeteldiere

'n Troeteldier word vir 'n mens se plesier aangehou. Dit is diere wat tuis aangehou word en mak is. Voorbeelde is honde, katte, muise, visse, marmotte, hase, voëls en rotte.

Kenmerke van troeteldiere:

- Hulle soek nie hul eie kos en water nie.
- Ons kan met hulle speel.
- Hulle bly binne en buite die huis.
- Moet van slaapplek voorsien word.
- Moet met liefde en aandag versorg word.
- Troeteldiere is 'n mens se vriend.

## Wagter my hond

Ou Wag-ter, lie-we hond.  Jy is my mooi ou hond.
Pas ons al-mal op, al speel ons o-ral rond.
En het daar ie-mand seer ge-kry,
Woef-woef-woef-woef jy.
En het daar ie-mand seer ge-kry,
Woef-woef-woef-woef jy.
Ou Wag-ter, lie-we hond.  Jy is my mooi ou hond.
Jy is my mooi ou hond.



# Dag 2

## Aktiwiteit 1: Persoonlike en sosiale ontwikkeling (30 minute)

**Inhoud: Plaasdiere**

Plaasdiere is diere wat boere op plase aanhou:
**Groot plaasdiere**
- Beeste
- Perde
- Donkies

**Klein plaasdiere**
- Skape
- Bokke
- Varke

**Pluimvee**
- Hoenders
- Eende
- Ganse
- Kalkoene

Plaasdiere is mak en kan nie soos wilde diere vir hulleself sorg nie. Hulle word gewoonlik in afgebakende gebiede aangehou.
- Die diere moet ’n warm droë blyplek hê.
- Hulle moet die regte kos kry.
- Hulle moet gedip word om van bosluise ontslae te raak.
- Hulle moet ontwurm word.
- Skape moet in die somer geskeer word.
- Perde moet geroskam word.
- ’n Veearts moet hulle besoek as hulle siektes opdoen.

## Aktiwiteit 2: Uitvoerende kuns: Musiek (15 minute)

**Musiekwaardering: Instrumente**
- Stel die leerlinge bekend aan fluitmusiek.
- Speel ’n CD met fluitmusiek. (Mozart fluit en harp) (Wys prentjie)
- Watter troeteldier se geluid laat mens aan ’n fluit dink? (Kanarie, papagaai)
- Leerlinge beweeg hulle koppe, arms, voete en vingers op maat van die musiek.
- Leerlinge sê aan watter troeteldiere se geluide die instrumente hulle laat dink.

| | |
|---|---|
| Speel op ritmestokkies | - Kat |
| Speel op trom | - Hond |
| Speel stadige of vinnige klanke | - Muis |
| Galopritme | - Perd |

## Aktiwiteit 3: Uitvoerende kuns: Drama

15 minute

Dramatiseer die gedig: **"My diertjies".**

My diertjies: Mart Meij

Miaau, miaau, sê die katjie
En hy slaap op 'n matjie

Woef! Woef! Sê die hond
En hy snuffel rond

Gr! Gr! Sis die kwaaie kat
Bly weg hier van my mat.

## Aktiwiteit 4: Liggaamlike opvoeding

30 minute

**Sport en speletjies**

- Bou 'n hindernisbaan met die volgende:

  Twee onderwyserstoele (rug teen rug)
  Drie of vier buitebande
  Vyf Hoepels
  'n Leer
  'n Plank wat skuins staan
  Twee groot kartondose wat weerskante oopgesny is
  Springtoue

- Leerlinge staan in 'n ry. Onderwyser blaas fluitjie en voorste leerling spring met springtoue tot by eerste hindernis.
- Leerling laat val die springtou en kruip onder deur die twee stoele.
- Spring in en uit die buitebande.
- Spring in en uit die hoepel.
- Hop deur die sporte van die leer wat plat lê.
- Kruip op die plank wat skuins lê en gly weer af.
- Kruip deur die kartondose en kom staan weer agter in die ry.

**Plaasdiere:**

Plaasdiere is diere wat boere op plase aanhou:

**Groot plaasdiere**

- Beeste
- Perde
- Donkies

**Klein plaasdiere**

- Skape
- Bokke
- Varke

**Pluimvee**

- Hoenders
- Eende
- Ganse
- Kalkoene

Plaasdiere is mak gemaak en kan nie soos wilde diere vir hulleself sorg nie. Hulle word gewoonlik in afgebakende gebiede aangehou.


- Die diere moet 'n warm droë blyplek hê.
- Hulle moet die regte kos kry.
- Hulle moet gedip word om van bosluise ontslae te raak.
- Hulle moet ontwurm word.
- Skape moet in die somer geskeer word.
- Perde moet geroskam word.
- 'n Veearts moet hulle besoek as hulle siektes opdoen.

My diertjies (Mart Meij)

Miaau, miaau, sê die katjie
En hy slaap op 'n matjie

Woef! Woef! Sê die hond
En hy snuffel rond

Gr! Gr! Sis die kwaaie kat
Bly weg hier van my mat.



# Dag 3

## Aktiwiteit 1: Persoonlike en sosiale ontwikkeling

30 minute

**Inhoud: Troeteldiere**

- Al die verskillende dieresoorte was nie van die begin af daar nie, maar het deur teling ontstaan.
- Jy is jou troeteldier se versorger, want God het die mens geskep met insig en vermoë om te leer, terwyl die dier beperkte vermoëns en instinkte het.
- Troeteldiere is spesiaal. Jy moet jou troeteldier liefhê en versorg soos God beveel. Dan pas jy die skepping op.

Nut van troeteldiere:

- Vriendskap en kameraadskap.
- Beskerming - blaf en knor as daar gevaar is.
- Polisiehonde.
- Gidshonde - hulle lei blinde mense.
- Wedvlugte met duiwe.
- Speelmaats.
- In lande waar dit sneeu trek honde ’n sleë.


## Aktiwiteit 2: Uitvoerende kuns: Musiek

15 minute

**Sang**

Leer die liedjie: **“Troeteldiere”**

Troeteldiere



## Aktiwiteit 3: Liggaamlike opvoeding

30 minute

**Beweging**
Beweeg soos diertjies:

- Waggel soos ’n eendjie.
- Galop soos ’n perdjie.
- Huppel soos ’n bokkie.
- Gly-bewegings soos ’n skilpad.
- Beweeg liggaam heen en weer soos ’n vissie wat swem.
- Spring soos ’n katjie wat sy naels wys.
- Fladder arms soos ’n voëltjie se vlerkies.
- Wip soos ’n hasie.
- Loop soos ’n verkleurmannetjie.
- Spring soos ’n padda.

Troeteldiere

- Al die verskillende dieresoorte was nie van die begin af daar nie, maar het deur teling ontstaan.
- God het die mens geskep met insig en vermoë om te leer, terwyl die dier beperkte vermoëns en instinkte het. Daarom moet jy jou troeteldier versorg.
- Troeteldiere is spesiaal. Wees lief vir jou troeteldier en pas hom mooi op. Dit is 'n opdrag van die Here om vir die skepping te sorg.

Nut van troeteldiere:

- Vriendskap en kameraadskap
- Beskerming - blaf en knor as daar gevaar is.
- Polisiehonde
- Gidshonde - hulle lei blinde mense.
- Wedvlugte met duiwe.
- Speelmaats
- Trek sleë in sneeu.

**Troeteldiere**

1. Hier's my kat in sy mandjie, sy mandjie, sy mandjie
En my hond in sy hokkie
Wat in ons huis staan.

2. Hier's my voël in sy koutjie, sy koutjie, sy koutjie
En my vis in sy bakkie
Wat voor my bed staan.

# Dag 4

## Aktiwiteit 1: Persoonlike en sosiale ontwikkeling

30 minute

**Inhoud: Versorging van diere**
Nooi die DBV (Dierebeskermingsvereniging) vroeg aan die begin van die tweede kwartaal om die leerlinge te besoek. ’n Veearts kan ook die klas kom vertel van alles wat sy werk behels.

Die leerlinge moet bewus gemaak word van die belangrike diens wat die DBV lewer. Tydens die besoek kan ’n video vertoon word om die doel en werk van dié organisasie aan die leerlinge te verduidelik. Bespreek die mishandeling van diere en hoe mishandelde diere versorg word deur die DBV.

Die leerlinge ken reël vir skenkings soos komberse, koerante en klere en dit na minderbevoorregtes of hulporganisasies versprei.


## Aktiwiteit 2: Uitvoerende kuns: Musiek

15 minute

**Kreatiewe speletjies en vaardighede**
Vinnig en stadig: Klavier of CD

- Verdeel die klas in vier groepe. Die groepe vorm sirkels.
- Leerlinge beweeg in die rondte op die maat van die musiek.
- Musiek met vinnige ritme- leerlinge beweeg vinnig in die sirkel en maak kop-en armbewegings.
- Musiek met stadige ritme - leerlinge hardloop soos feetjies en dwergies.
- Stadige musiek - loop soos olifante.
- Leerlinge leer die woorde van die liedjie **“Tik-Tok”** en voer bewegings uit van die liedjie op die volgende bladsy:
    - Tik-tok-tok (Leerlinge staan agter mekaar in ’n ry en beweeg links en regs met hul bolywe).
    - Stadig en sag (Stap voetjie vir voetjie in ’n kring),
    - kom die muis uit sy gat.
    - Die klok slaan hard.
    - Hy skrik verward (staan doodstil).
    - Tik-tok (beweeg weer vorentoe met bolywe wat swaai).
    - Terug in sy gat (hardloop vinnig in ’n kring).

Melodie: “Hickory, Dickory, Dock”




## Aktiwiteit 3: Liggaamlike opvoeding

30 minute

**Balans**

Hande-viervoet

- Leerlinge staan hande-viervoet in ’n ry.
- Onderwyser pak boontjiesakke in ’n ry vyf meter verder.
- Sodra onderwyser fluitjie blaas, kruip die leerlinge na die sakkies toe.
- Leerlinge tel elk ’n sakkie met sy mond op en kruip terug.
- Herhaal ’n paar keer. ’n Wenner word aangewys.

Tik-tok-tok

Tik-tok-tok stadig en sag
Kom die muis uit sy gat
Die klok slaan hard, hy skrik
verward
Tik-tok terug in sy gat!

# Dag 5

## Aktiwiteit 1: Persoonlike en sosiale ontwikkeling

15 minute

**Mimiek**
**Raaispeletjie**

- ’n Leerling boots ’n dier na byvoorbeeld ’n koei. Die res van die leerlinge vra vrae:

  Eet jy gras? Kan jy vlieg?
  ’n Perd. Kan jy skop? Drink jy melk?
  ’n Skaap. Kan jy vinnig hardloop? Het jy lang ore?
  Leerling wat reg raai doen die volgende nabootsing.


## Aktiwiteit 2: Kuns

30 minute

**3D-ontwerp**

Maskers: Hond en kat

- Groot bruinpapiersak
- Karton
- Gom en kwas
- Waterverf en kwas
- Waskryt



Metode:

1. Teken ’n hond of kat se gesig op die papiersak.
2. Knip gate uit om deur te kyk. Knip ore uit karton.
3. Plak die ore vas en verf die masker met waterverf.
4. Sny gepunte ore wat regop staan, om ’n kat te maak. Teken vir die kat snorbaarde.
5. ’n Hond se ore kan voor op die masker langs die kante afhang.